# Herdenk

## Huisgeloof- en groeigroepmateriaal






**<u>INLEIDING:</u>**

Tydens ons leraars se jaarbeplanning het ons saam stilgestaan by **Hebreërs 10:19–25 en 32–39** — 'n teks wat ons opnuut herinner het dat geloof nie 'n vlugtige gevoel is nie, maar 'n **anker** wat standhou wanneer alles anders beweeg. In hierdie tyd waarin mense soek na **vastigheid**, **hoop**, en die **seker wete** dat wat ons glo werklik saak maak, het hierdie gedeelte soos vars water oor ons geword.

Ons kwartaal temas lyk as volg vir die jaar:

| Kwartaal | Fokus | Detail | Sosiaal |
|---|---|---|---|
| Kwartaal 1 | Herdenk | Ou testament + Lydenstyd | Bybelse ete |
| Kwartaal 2 | Herinner | Geloofsbelydenis Reeks | C-Fees |
| Kwartaal 3 | Herstel | 40dae Karakters Reeks | Erfenis |
| Kwartaal 4 | Hervorm | 10de Maand (Solas) | Kerssang |

Groepe skop af die week van 1 Februarie, met laaste tema die week van 15 Maart. Die week van 23 Maart is afsluitingsweek.

Die skrywer van Hebreërs nooi gelowiges om met vrymoedigheid nader te kom — nie uit vrees nie, maar uit sekerheid dat ons deur Christus toegang het tot die Vader se teenwoordigheid. Hy roep ons om **vas te hou aan die hoop wat ons bely**, en om mekaar aan te spoor tot liefde en goeie dade. Dis geloof wat beweeg — nie passief nie, maar aan die werk in die wêreld.

In die **eerste kwartaal** met die tema herdenk, gaan ons veral in die Ou Testament kyk na God se pad met mense.

Frank Sonneberg het gesê:" moet nooit die krag onderskat om terug te gaan na "back to basics" nie.

In hierdie eerste kwartaal wil ons saam met Lydenstyd die pad deur die Ou testament stap tot by die kruis.

**Huisgeloof- en groeigroepmateriaal**

Sondag 1 Februarie 2026
Tema: **Waar is jy?**




**Ons doelwit by die Groeigroepe in 2026 is om in dié jaar elke groep aan te moedig (*soos die teks in Hebr 10 ons geleer het*), om ten minste een nuwe groeigroep te help begin, sonder om julle bestaande groep prys te gee.**

**Verloop van byeenkomste**

1. **Lief en leed**:

Deel met mekaar hoe dit met elkeen gaan

2. **Gebed**

- Dank die Here vir Sy beskerming, genade en voorsiening
- Bid tot die Here oor die nuwe groep wat julle dié jaar gaan begin.
- Tree in vir ons dorp, omgewing (reën), gemeente en julle groep se groei.

3. **Gestuur**

Bid hierdie week vir dié stuursel (sending projek) wat die Here op julle hart gelê het.
(Laat iemand uit jul groep kontak maak oor die gebedsbehoeftes)

## Skrif:

**Teks:**
**Genesis 1:27**

*27 God het die mens geskep as sy verteenwoordiger, as beeld van God het Hy die mens geskep, man en vrou het Hy hulle geskep.*

**Sleutelgedagte:**

- Die mens is geskape met 'n sekere roeping en doel – om God te verteenwoordig op aarde – in Sy teenwoordigheid.




Deel met mekaar waar en hoe ons vandag as Sy verteenwoordiger optree en doen ons dit bewustelik?

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

## Skrif:

**Teks: Genesis 3 :6-10**

*6Toe besef die vrou dat die boom se vrugte goed is om te eet en mooi om na te kyk en begeerlik omdat dit*
*kennis kan gee. En sy het van sy vrugte gepluk en geëet. Sy het ook vir haar man by haar gegee, en hy het*
*geëet. 7Hulle altwee se oë gaan toe oop, en hulle besef dat hulle kaal is. Toe werk hulle vyeblare aanmekaar*
*en hang dit om vir klere.*
*8Hulle het gehoor hoe die Here God in die tuin wandel teen die tyd dat die aandwind opkom, en die mens en*
*sy vrou het vir die Here God weggekruip tussen die bome van die tuin. 9Maar die Here God het na die mens*
*geroep en vir hom gevra: "Waar is jy?" 10En die mens antwoord: "Ek het U hoor wandel in die tuin en ek*
*het bang geword, want ek is kaal. Toe het ek weggekruip."*

Dit wat ons nie mag doen nie, lyk soms baie aantreklik, mooi, begeerlik. Noem 'n paar **voorbeelde**:

*Notas*

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

Genesis 2:9 sê vir ons die boom waarvan hulle geëet het se naam is: **'Die boom van KENNIS van GOED en KWAAD'**. Dit wil simboliseer dat indien hulle van die boom eet hulle nie meer op God vertrou om vir hulle te sê wat is 'goed' en 'kwaad' nie, maar dat hulle nou self kan kies wat vir hom/haarself 'goed' en 'kwaad' is.




Gesels met mekaar oor die gedagte en noem 'n paar voorbeelde van mense wat self gekies het wat vir hulle 'goed'/'reg' is en sodoende ander seergemaak het.

*Notas*

---

---

---

God roep ons om Sy verteenwoordigers te wees, maar deur ons sondige begeertes wil ons self kies wat 'goed' en 'kwaad' is. Tog kom God en los ons nie in die toestand nie. Hy kom roep ons en maak dit moontlik dat ons op Hom kan vertrou.

**Die verhaal bereik 'n hoogtepunt met vers 9:**

9*Maar die Here God het na die mens geroep en vir hom gevra:* ***"Waar is jy?"***

**Gesels met mekaar oor die laaste vraag: <u>Hoe kan ek bewus word van God se roepstem binne in hierdie deurmekaar wêreld?</u>**

**Konkrete daad:**

- Wees op die uitkyk wie die Here wil hê julle 'n nuwe groep mee moet begin.
- Gee volgende week terugvoer oor die kommunikasie wat julle gehad het met die stuursel wat julle ondersteun en wat tans hulle behoefte is.

**<u>Gebed</u>**

Skepper God, mag ons lewe U verheerlik en ons as ware verteenwoordigers en ambassadeurs vir U optree in 'n wêreld wat vergeet het dat:
- U die een is wat geskep het en steeds skep
- U die een is wat alles weet
- U die een is wat ons roep

Laat U wil geskied.
Amen.